MOS wêreldwyd

Aanlyn Tuisskooldiens

LEWENSLANGE LEER

2025/12



# PROSPEKTUS

"Die toekoms behoort aan dié wat glo in die skoonheid van hulle drome."

– *Eleanor Roosevelt*

# INHOUDSOPGAWE


Is daar regtig 'n **uitdaging?** ........ 3

Hoe lyk julle **oplossing in praktyk?** ........ 5

- Die aanbieding van die kurrikulum
- 'n Sterk grondslag vir 'n sterk toekoms
- Die leeromgewing
- Digitale geletterdheid

Kan ek hierdie **stelsel vertrou?** ........ 9

- Selfgerigte leer
- Verpakking van die kurrikulum in borrels
- Wêreldleiers in onderwys
- Plaaslike steun
- Die MOS Inisiatief se leerfilosofie

Ten **slotte** ........ 13


## Ons *waardes*

LEWENSLANGE LEER

UBUNTU - FOKUS OP STERKPUNTE

OMARM DIE TOEKOMS





# Is daar regtig ’n **UITDAGING?**

Die wêreld verander baie vinnig. Wanneer ons kinders die werksplek betree, gaan hulle baie moderne vaardighede benodig. In vergelyking met internasionale standaarde presteer ons staat se kurrikulum en metodiek al hoe swakker. Die hartseer waarheid is dat ons kinders nie voorberei word om die huidige ernstige werkloosheid-tendense te oorkom nie.

As ouer is jy self, heel moontlik, ook baie onseker oor die toekoms en hoe om jou kind voor te berei. Miskien bekommer hierdie probleem jou baie, veral omdat die oplossing so ver buite jou bereik is.

Om twaalf jaar se tyd en skoolfonds aan opleiding te spandeer wat uiteindelik nie hierdie probleem aanspreek nie, is tragies. Dit blyk wel asof dit jou lot is, omdat jy nie die opsie het om jou kind na ’n bekostigbare, Afrikaanse, nabygeleë privaat skool te stuur nie.

Alle kinders is ook nie dieselfde nie. Die huidige *“one size fits all”* benadering ontneem jou kinders daarvan om hulle uniekheid te ontdek en sodoende beter keuses vir hulle toekoms te maak. Die meerderheid van leerders voel baie keer onbekwaam in die huidige stelsel.

# Is ons hande nie maar afgekap nie?

**Die MOS Inisiatief wil saam met jou hierdie uitdagings aanspreek.**
Ons grootste prioriteit is om jou kinders se liefde vir leer te ontwikkel. Daarmee saam moet jou kinders die geleentheid, aanmoediging en leiding ontvang om hulle eie passie en belangstelling te ontdek. Hulle moet bewus word van hoe daardie passie in die praktyk die wêreld se grootste probleme kan help oplos. Hulle moet ook veerkragtigheid kweek om uiteindelik hulle regmatige plek in die samelewing te kan inneem.

’n Skool wat digitale geletterdheid, kreatiewe en kritiese denkvermoë en 21ste-eeuse vaardighede as onmisbare uitkomste van die kurrikulum beskou, word dan jou kind se vennoot tot sukses. Om die kurrikulum te absorbeer, is onderrig nodig op ’n totaal ander vlak as lepelvoerpraktyke en memorisering van inligting suiwer met die doel om toetse en eksamens te slaag. Ons wil die oplossing vir die grootste onderrigverwante probleme binne jou bereik plaas – plaaslik, Afrikaans, bekostigbaar.

Deur hierdie geleentheid aan te gryp, kan jy die gemoedsrus hê dat die skool saam met jou werk om jou kinders se volle potensiaal te ontgin. Hulle sal met selfvertroue in ’n veeleisende en veranderende wêreld kan floreer.

## 5 REDES OM *in te skryf!*

### 1 SELFGERIGTE LEER

- Ons leeromgewing help leerders om onafhanklik te werk en verantwoordelikheid vir hul leer te neem.
- Deur duidelike doelwitte te stel en ook hul eie vordering te monitor, bou leerders selfvertroue en dissipline.
- Hierdie benadering berei leerders uitstekend voor vir universiteit en die moderne werksplek.

### 2 LEERBESTUURDER

- Elke leerder en ouer het direkte toegang tot ’n leerbestuurder.
- Geen leerder hoef ooit alleen te voel nie. Jou leerbestuurder is daar om jou te motiveer, te ondersteun en te lei.
- Ouers bly ingelig deur gereelde kommunikasie en deurlopende vorderingsverslae en ouers sien presies waar die kind trek in die **MOS-leerstelsel**.
- Vrae, uitdagings of bekommernisse word vinnig aangespreek. Ons bou verhoudings, nie net roosters nie.

### 3 EEN-TOT-EEN TERUGVOER

- Elke werkstuk word deur ’n SACE-geregistreerde vakkundige gemerk, met een-tot-een terugvoer.
- Die terugvoer is spesifiek tot elke leerder se werk en groei, dit is nie net generiese kommentaar nie.
- Ons fokus is groei, nie punte nie.

### 4 LEER TEEN JOU EIE PAS

- Werk vinniger deur wat jy verstaan, en neem meer tyd waar jy dit nodig het.
- Ons **MOS-leerstelsel** gee jou beheer oor jou leerrooster, perfek vir leerders met unieke omstandighede of belange buite skool.
- Minder stres, meer balans en steeds uitstekende akademiese resultate!

### 5 IEB-EKSAMINERING

- As ’n IEB-geregistreerde instansie, voldoen ons aan streng standaarde van uitnemendheid.
- Leerders skryf aan die einde van Graad 12 die IEB-eksamen, wat wêreldwyd erken word vir sy hoë standaard.
- Met **MOS** Wêreldwyd kry jy nie net ’n matriek nie, jy kry ’n voorsprong op die toekoms.



# Oplossing in PRAKTYK

In lyn met ons waardes om die toekoms asook lewenslange leer te omarm, het ons die volgende plan in plek gesit om ons leerfilosofie in die praktyk te laat werk. Ons poog om leerders se intrinsieke motivering aan te wakker, in teenstelling met die eksterne motivering van eksamens en punte wat tans aan die orde van die dag is.

# Die aanbieding van die kurrikulum

Ons respekteer die staat se KABV-kurrikulum (*CAPS*), want ons kinders moet 'n eksamen slaag om matriek te behaal. Ons MOS-leerstelsel, met 'n opwindende en moderne aanslag, sou egter *"UNCAPPED"* genoem kon word.

Ons verpak die KABV-inhoud in maklik hanteerbare deeltjies wat ons borrels noem. Dit kan gemaklik by die skool of vanuit jou huis funksioneer. Leerders takel elke borrel en sal die borrel afhandel deur as't ware verslag te lewer deur middel van 'n elektroniese opdrag wat hulle voltooi. Hierop ontvang hulle daagliks terugvoer van vakkundige onderwysers.

'n Kerndeel van ons leerstelsel is dat kinders aktief by die leerproses betrokke is – hulle is nie passiewe "ontvangers" van inligting nie. Hulle nuuskierigheid word voortdurend geprikkel.

Om die IEB se graad 12 te slaag, verg wel steeds die vaardighede om eksamen te skryf en die volle KABV-kurrikulum (*CAPS*) te bemeester. Hiervoor sal kinders ook voorberei word – veral in graad 11 en 12.



# ’n Sterk grondslag vir ’n sterk toekoms

## Nou oop vir inskrywings

Waar gaan jou kind in 2040 wees? Miskien vier hulle hul graadplegtigheid, ontvang die sleutels vir hul eie woonstel of stap hul eerste werksonderhoud binne. Wat ook al die antwoord is – daardie toekoms begin nie eers in die hoërskool nie. Dit begin vandag, in die grondslagfase.

By MOS Wêreldwyd glo ons dat die eerste skooljare die mees vormende tyd in ’n kind se lewe is. Dit is die jare waarin selfvertroue, nuuskierigheid en denkvaardighede ontwikkel word – en dit is presies waarvoor ons nuwe grondslagfase ontwerp is.

## Leer in jou moedertaal

Ons bied wêreldklas-onderrig in Afrikaans, die taal waarin kinders hulself die beste verstaan en uitdruk. Wanneer ’n kind in hul moedertaal leer, bemeester hulle kernbegrippe vinniger en bou hulle selfvertroue om nuwe uitdagings aan te pak.

Soos Shanré Houy, een van ons leerders, sê: ***“Een van die lekkerste goed van MOS Wêreldwyd is dat dit in my moedertaal, Afrikaans, is. Ek sal dit beslis vir my vriende aanbeveel.”***

## Grondslagfase (Graad R–3)

Die grondslagfase is waar ouers en kinders saam die eerste stappe neem. Ouers ontvang volledige lesplanne en ’n “Gereedskapskis” met al die nodige hulpmiddels en praktiese wenke. Met die ondersteuning van ’n toegewyde leerbestuurder kan jy jou kind met selfvertroue, gemak en gemoedsrus deur hul eerste leerjare begelei.

## Graad 4–12

Namate leerders ouer word, skuif die fokus na selfgerigte leer. Hulle werk selfstandig deur modules en ontvang steeds persoonlike terugvoer van hul leerbestuurder. Hierdie benadering help hulle om vrae te vra, oplossings te vind en onafhanklik te dink – vaardighede wat hul hele lewe lank van waarde sal wees.




## Die leeromgewing

Die rolspelers in jou kind se leeromgewing is soos volg:



**Die leerder**
Ons skoolmodel is gebou rondom die beginsels van selfgerigte leer. Kinders bepaal self watter borrels hulle op watter stadium wil aanpak, binne die wyer raamwerk van vereistes. Hulle aanvaar dus geleidelik verantwoordelikheid vir hulle eie leerproses, akademiese vordering en vaardigheidsontwikkeling. Leerders sal in sommige borrels opsies hê om saamwerk te beoefen en in ander borrels as individue te werk. In graad 4-6 is die ouer 'n baie belangrike rolspeler en hulle moet leerders help om die stelsel en hul leerproses te fasiliteer.



**Die aanlyn onderwyser**
In Die MOS Inisiatief se leerstelsel is daar goed-gekwalifiseerde vakkundiges wat van reg oor die land virtueel inskakel, en in jou kind se unieke leerproses betrokke is. Hulle gee daagliks een-tot-een terugvoer aan jou kind en vervul die rol van 'n afrigter.

**Die leerbestuurder**
Aangesien die leerders baie selfgerig funksioneer, het hulle soms die leiding, raad of hulp van 'n leerbestuurder nodig. Hulle begelei jou kind persoonlik deur die proses van leer en tydsbestuur en is beskikbaar om een-tot-een aandag te gee aan leerders.

## Digitale geletterdheid

Die kurrikulum/borrels word aanlyn aangebied. Dit gee jou kind die geleentheid om vaardighede te bemeester wat hulle bemagtig om nie net in 'n digitale wêreld te funksioneer nie, maar om te floreer. Elektroniese handboeke, toestelle en die internet word ingespan om jou kind voor te berei vir die toekoms.

Die leerproses is totaal deursigtig. Ouers het vrye toegang tot die stelsel en hulle kan hulle kinders se vordering en interaksie met aanlyn onderwysers daagliks volg.

Besoek gerus die **MOS Wêreldwyd** se webtuiste vir meer vinnige feite oor die bogenoemde.





# Die STELSEL

Elke aspek van Die MOS Insiatief se leerstelsel word al vir baie jare deur goed-gefundeerde internasionale navorsing onderskryf. Hierdie fokus op nuwe leer word in baie van die top lande ter wêreld geïmplementeer, en ook in die Engelse privaat skoolomgewing in Suid-Afrika. Ons is die eerste onderwys-inisiatief wat dit in Afrikaanse skole wil implementeer.

## Selfgerigte leer

Die Noordwes-Universiteit definieer selfgerigte leer as 'n proses waardeur individue die inisiatief neem, met of sonder die hulp van ander, om hulle eie leerbehoeftes te diagnoseer, leerdoelwitte te formuleer, menslike en materiële hulpbronne vir leer te identifiseer, toepaslike leerstrategieë te kies en te implementeer, en leeruitkomste te evalueer (Knowles, 1975).

**"In kort, selfgerigte leer staan 'n '*one size fits all'* drukgang teë."**

Om op skool reeds die vaardighede van selfgerigte leer te ontwikkel, is uitstekende voorbereiding vir die universiteit – waar selfgerigte leer 'n gegewe is.


## Verpakking van die kurrikulum in borrels

Die leerondersteuningstelsel wat ons gebruik, word al sedert 2010 in Hongkong by die *International College of Hong Kong* (ICHK) gebruik. Dit is deur die pedagoog, Ross Parker, ontwikkel. Die stelsel integreer met Google, en deur daagliks daarmee om te gaan, leer kinders ook gevorderde rekenaarvaardighede in 'n wolk-gebaseerde (*cloud-based*) omgewing.

'n Deel van die filosofie in hierdie stelsel is "*Free learning*"
– dit motiveer kinders met keuses. Soos Ross Parker sê:

> ***"Give children the opportunity to find their own way through the academic landscape."***

*Visuele voorstelling van die borrels.*



# Wêreldleiers in onderwys

Ons ontgin die denke en navorsing van verskeie wêreldleiers in onderwys om ons model te onderskryf. Hierdie denkers sluit in:



**Prof Guy Claxton**
Ter ondersteuning van die konsep van *"Building Learning Power"* wat 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van leerkarakter en deursettingsvermoë.



**Prof Sugata Mitra**
Rondom groot vrae en die vrye beskikbaarheid van inligting in die Google-era.



**Prof Michael Fullan**
Rondom *"Deep Learning"* en "betekenisvolle leertake".



**Carol Dweck**
Rondom 'n denkwyse wat groei en ontwikkeling bevorder oftewel 'n *"Growth Mindset".*

**Die beginsels van Sosiale en Emosionele leer (*Social and Emotional learning*)**
Tesame met 'n leerder-gesentreerde benadering (*learner-centred learning*) is die doelwit om seker te maak dat ons leerders weet wie hulle is, hoe hulle wil lewe en dat hulle nuuskierigheid en belangstelling lewendig bly. Dit handel ook oor die bemeestering van mensgerigte vaardighede wat nie deur masjiene vervang kan word nie.



## Plaaslike steun

Ons het in Maart 2020 ons skoolmodel aan die Eenheid vir Selfgerigte Leer van die Noordwes-Universiteit voorgelê. Hulle was geweldig positief dat Die MOS Inisiatief se leermodel inpas by die beginsels van selfgerigte leer. Hulle wil ook in die toekoms 'n navorsingsprojek saam met Die MOS Inisiatief aanpak om verskeie moontlikhede te ontgin.

## Die MOS Inisiatief se leerfilosofie



# Ten SLOTTE

Alle verandering begin met 'n "heilige onvergenoegdheid" – die instinktiewe oortuiging dat dinge nie is soos wat dit behoort te wees nie. 'n Speltoets wat jou kind tot trane dryf, kinders wat hulle waarde net aan hulle rapport se punte koppel, huiswerk wat hulle tot laat in die aand besig hou, kinders wat skool haat en vir ure verveeld in die klas sit – miskien weet jy eintlik al lankal dat dit nie so behoort te wees nie. Positiewe verandering in jou kind se opvoeding hang ook af daarvan dat jy weet dat die huidige stelsel besig is om ons te faal. Tot op hede was die oplossing baie ver, maar nou is daar 'n geleentheid voor jou deur. Laat ons toe om saam met jou te bou aan 'n beter toekoms vir jou kind, asook vir baie kinders in Suid-Afrika.

## So lyk jou belegging in jou kind se onderrig...

Ons fooie is uiters bekostigbaar en vergelyk goed met voormalige Model C-skole.
Vir meer inligting besoek ons webtuiste by **www.moswereldwyd.co.za**

MOS wêreldwyd

> ***"Jy kan maar opgewonde wees oor die toekoms, die verlede sal nie omgee nie.***
> *– Hillary DePiano*